

Aftreehervorming: Dít gaan vanaf 1 Maart 2015 verander

Posted on 06/10/14 | Tags: [Retirement Annuities](#)

'n Paar hervormings gaan vanaf 1 Maart 2015 in die aftreebedryf in werking tree wat jou kliënte sal bevoordeel en hulle sal help om geriefliker af te tree. Hier's wat ons kan verwag.

Byna 40% van afgetredenes put hul aftree-enkelbedrae vroeg in aftrede uit. Die meeste bestee binne 'n blote twee en 'n half jaar die enkelbedrag van hul aftreegeld wat hulle versigtig gedurende hul werkleeftyd gespaar het.

Om dié en ander negatiewe neigings teen te werk stel die Nasionale Tesourie 'n paar aftreehervormings in wat Suid-Afrikaners sal help om beter vir hul goue jare toegerus te wees.

1. Belastingaftrekbaarheid van aftreespaarbydraes

Huidige scenario:

Verskillende belastingaftrekkings is van toepassing op bydraes van werkgewers en werknemers:

Vir pensioenfondse:

- Werkgewers kan tot 20% van 'n werknemer se vergoeding vir belastingdoeleindes aftrek.
- Werknemers kan tot 7,5% van hul vergoeding vir belastingdoeleindes aftrek.

* *Geen monetêre perk is van toepassing nie.*

Vir voorsorgfondse:

- Werkgewers kan 20% van 'n werknemer se vergoeding vir belastingdoeleindes aftrek.
- Werknemers kan niks vir belastingdoeleindes aftrek nie.

* *Geen monetêre perk is van toepassing nie.*

Vir uittree-annuïteitsfondse (UA's):

Werkgewers se bydraes is belasbaar as 'n byvoordeel in die werknemer se hande en word dan geag as deur die werknemer bygedra.

Werknemers kan die groter deel aftrek van:

- 15% van belasbare inkomste buiten van aftreebefondsingsdiens; of
- R3 500 minus huidige aftrekbare bydraes
- tot 'n pensioenfonds; of
- R1 750.

Nie-aftreebefondsingsinkomste sluit enige beleggingsinkomste in, maar sluit inkomste van enkelbedrae uit wat by aftrede geneem is. Alle toeskryfbare belastingaftrekkings word by die berekening van nie-aftreebefondsingsinkomste in ag geneem.

* *Geen monetêre perk is van toepassing nie.*

Toekomstige scenario:

Vanaf 1 Maart 2015 sal 'n algehele perk op aftrekbare bydraes tot aftreefondse geld, ongeag of die volle bedrag tot een fonds of 'n kombinasie van pensioen-, voorsorg- of UA-fondse bygedra word. Dié verandering vereenvoudig die belastingaftrekbaarheid van aftreefondsebydraes aansienlik.

Werkgewers se bydraes is belasbaar as 'n byvoordeel in die werknemer se hande en word dan geag as



deur die werknemer bygedra.

Werknemers kan tot 27,5% aftrek van die hoër gedeelte van die persoon se vergoeding (uitsluitend die aftreefonds se enkelbedragvoordele, die aftreefonds se enkelbedrag-onttrekkingsvoordele en skeidingsvoordele); of belasbare inkomste van handel (uitsluitend die aftreefonds se enkelbedragvoordele, die aftreefonds se enkelbedrag-onttrekkingsvoordele en skeidingsvoordele) ongeag die aftreespaarmedium(s) wat gebruik word.

* 'n Limiet van R350 000 per jaar is van toepassing.

Let wel:

Die monetêre limiet van R350 000 op belasting-aftrekkings is die randwaarde van 'n 27,5%-bydrae tot aftreefondse. Min Suid-Afrikaners dra in werklikheid meer as R350 000 of 27,5% per jaar tot hul aftreespaargeld by.

Volgens die 2014 Sanlam Benchmark-opname is die gemiddelde lid se bydraes 16,1% (werkgewers en werknemers se bydraes). Selfs in gevalle waar lede bykomende vrywillige bydraes lewer, behoop die meeste van dié lede se bydraes net 'n bykomende 2,65%.

2. Veranderings aan onttrekkingsbedrag by aftrede

Huidige scenario:

Indien die fondswaarde by aftrede nie meer as R75 000 is nie, kan jy die hele bedrag onttrek.

Toekomstige scenario:

Indien die fondswaarde by aftrede nie meer as R150 000 is nie, kan jy die hele bedrag onttrek.

3. Veranderings aan voorsorg-fondse

Huidige scenario:

Die wetgewing bepaal dat individue wat aftree geregtig is op die enkelbedrag wat in hul voorsorgfonds beskikbaar is en dit kan gebruik soos hulle wil. (Volgens die Sanlam Benchmark-opname gebruik Suid-Afrikaners egter dié geld vir -alledaagse leefuitgawes en aftreespaargeld word gou uitgeput.)

Pensioenfondse het ander vereistes ingevolge die wet. Wanneer 'n individu aftree, mag hy of sy net een derde as 'n enkelbedrag in die pensioenfonds neem. Twee derdes moet gebruik word om 'n pensioeninkomste mee te koop – hetsy dit 'n gewaarborgde annuïteit of beleggingsgekoppelde lewende annuïteit (ILLA) is.

Toekomstige scenario:

Vanaf 1 Maart 2015 gaan dieselfde reëls op voorsorg- en pensioenfondse van toepassing wees. Voorsorgfondselede gaan verplig word om ten minste twee derdes van die enkelbedrag te gebruik om 'n pensioeninkomste (gewaarborgde annuïteit of ILLA) te koop ten opsigte van alle bydraes wat ná 1 Maart 2015 gelewer is en die groei daarop as die fonds-waarde R150 000 oorskry.

4. Uitsonderings vir individue van 55 jaar en ouer

Mense van 55 jaar en ouer wat reeds tot 'n voorsorgfonds bydra, sal vrygestel word van die nuwe voorsorgfondswetgewing en steeds ná 1 Maart 2015 toegelaat word om by aftrede die volle bedrag in hul voorsorgfondse te onttrek, op voorwaarde dat hulle in dieselfde fonds bly. Bestaande regte word dus beskerm.

Mense jonger as 55 jaar wat reeds tot 'n voorsorgfonds bygedra het, sal ook anders gehanteer word. Hulle sal by aftrede volle toegang kan kry tot hul bydraes voor 1 Maart 2015, plus die groei daarop. Maar as die res van die belegging R150 000 oorskry, mag net een derde van die bydraes wat ná 1 Maart 2015 gelewer is, plus die groei daarop, by aftrede bekom word. Die oorblywende twee derdes moet gebruik word om 'n pensioeninkomste mee te koop.

Voorbeeld

Janet het teen 1 Maart 2015 'n belegging van R1 miljoen in haar voorsorgfonds opgebou. By aftrede kan sy die volle R1 miljoen bekom, plus enige beleggingsopbrengs wat op die R1 miljoen verdien is (die 'ou reëls'-

geld), maar sy kan net een derde van die res van die belegging kry (die 'nuwe reëls'-geld) aangesien die nuwe voorsorgfondswetgewing bepaal twee derdes van die belegging moet gebruik word om 'n pensioeninkomste mee te koop.

Vrees onnodig

Die veranderings aan die aftreefonds-belas-tingbedeling is daarop gerig om 'n beter aftree-scenario vir Suid-Afrikaners te skep en is die resultaat van 'n deeglike proses wat ondersoek, ontleding, debat en bedryfs-insette behels het. Dis nie nodig om met vrees daarop te reageer nie. Kliënte moet eerder aangemoedig word om advies van hul tussenganger te kry oor hoe dit hulle sal raak en hoe hulle verantwoordelik daarop kan voorberei.

Nie so vinnig nie

Wees versigtig vir oorhaastige besluite vanweë die naderende veranderings aan aftree-spaargeld. Jou kliënte hoef nie uit hul belegging te bedank, bydraes tot hul spaarmedium te verlaag of enige voordele vroeg te onttrek om hul spaargeld te 'beveilig' nie.

Ons is in die knyp

Die gemiddelde Suid-Afrikaner spaar nie genoeg vir aftrede nie:

- Net 29% van pensioenarisse handhaaf hul lewenspeil ná aftrede.
- Sowat 21% onttrek hul aftreespaargeld wanneer hulle van werk verander.
- Net 58% kry finansiële advies voordat hulle aftree.

* Bron: *Sanlam Benchmark-opname 2014*

© 2014 [Sanlam](#). All rights reserved.

Sanlam Investment Management Pty(Ltd) is an authorised Financial Services

Provider in terms of the Financial Advisory and Intermediary Services Act 2002.